



# PETRUSBURG NUUS

Deur God se genade 'n biddende gemeente wat mekaar in liefde dien en uitreik na die wêreld. 24 April 2022

## Vanoggend

**Skrifgedeelte:** 1 Joh 5:1-10

**Tema:** Lesse vir die lewe

## Ons Program

### Vandag

- ✎ **Informele erediens (kinderdiens)** om 9:30 olv ds. Thania Botha. Ons Woning skakel via 'n uitsending by dié diens in.
- ✎ Daar is nie vanoggend aparte Sondagskool nie. Die kinders woon die kinderdiens by.
- ✎ **Deuroffer:** Gemeente Uitbreiding

### Dinsdag 26 April

- ✎ **Kerkraadsvergadering** om 18:00. Die vergadering sou op 10 Mei plaasvind, maar dit skuif vroeër, sodat ons die basaar kan bespreek.

### Sondag 1 Mei

**Formele Erediens** om 9:30 en 11:00 olv ds. Jaco Thom

- ✎ **Deuroffer:** Gemeente Ondersteuning 1



### Saterdag 7 Mei: Moedersdagbasaar

Ons gemeente-basaar is net om die draai, en daar sal iets vir almal wees. Ons beplan om dit op die kerkterrein (buite) te hou, met lekker agtergrondmusiek om 'n gesellig atmosfeer te skep.

Jy sal behalwe al die gewone goed ook 'n geskenk vir jou vrou of ma vir Moedersdag kan koop. Maak seker dat jy dit bywoon.



Persone van buite mag ook stalletjies hê, maar dit mag nie oorvleuel met ons kostafels nie. Dit kos R50 en kan by die kerkkantoor betaal word. Daar is 'n **bestelvorm vir vleis** in die afkondigings. Dié bestellings moet asb teen eerskomende Woensdag by die kantoor afgegee word, of by jou wyksouderling. Betaling geskied wanneer jy jou vleis afhaal by die basaar. Daar sal ook gebraaide sosaties en worsbroodjies beskikbaar wees.

### Ons Bybellees-program

Ons lees tans uit die boek **Psalms**. Vandag lees ons Ps 111.

## Só glo ons

### Die Heidelbergse Kategismus

**Vraag 46:** Wat verstaan jy onder: "opgevaar na die hemel"?

**Antwoord:** Christus is voor die oë van sy dissipels van die aarde af na die hemel opgeneem, en Hy is vir ons daar ten goede totdat Hy weer kom om oor die lewendes en die dooies te oordeel.

## Lief & Leed

### Nuut aangesluit

Baie welkom aan tannie Judith de Villiers van Ons Woning wat oorgekom het van die Gereformeerde Kerk.

### Verjaarsdae

Die volgende lidmate verjaar in die week. Baie geluk! Mag dit 'n jaar vol van die Here se seëninge en genade vir elkeen van julle wees.

#### April

- 25 **Anneline Naudé (82j)**
- 27 Carina Naudé; Attie van Jaarsveld (Snr)
- 28 Bennie Janse van Rensburg
- 29 Lulu Hugo; DJ Meades; Soekie Strachan

### Huweliksherdenking

#### April

- 30 Alid & Judy Hugo (39j)



## Voorbidding

- Fred van Pletzen is vandeeweek oorlede. Ons dink aan die gesin in dié hartseer tyd.
- Betta van der Watt – weer hospitaal toe.
- Oorlog in Oekraïne
- Mense wat geraak is deur die vloedramp in KZN



**SLUIT BY ONS AAN!**

# MANNE AAND

**KARIBU GASTEHUIS  
PETRUSBURG**  
Veiling  
Wild | Wyn | Vleis

Vrydag | 18:00  
**13DE**  
Mei 2022

Spit ete @R150 per persoon  
Kontak 076 728 6998 vir bespreeking **NG KERK PETRUSBURG**



## Vrouebediening: Projek vir 2de kwartaal

### SERPE vir die SKOOL

Ons verneem dat daar heelwat mense is wat fluks brei aan die serpe. Baie dankie! Ons het veral nog bont serpe nodig vir die koshuiskinders.



# NG Kerk

## Vleisfees - Bestel vorm

Naam en Van: \_\_\_\_\_

Selfoon nr: \_\_\_\_\_

Produk	Verpakking	Prys/kg	Bestelling
Bees Rump Sosaties	500g(4/pakkie)	R 165,00	_____
Boerewors	500g	R 120,00	_____
Maalvleis	500g	R 115,00	_____
Rump Steak	300g/steak	R 140,00	_____
Vark rug tjops	4/pakkie	R 90,00	_____
Biltong	R100/pakkie	R 340,00	_____
Droë Wors	R100/pakkie	R 340,00	_____

Totaal betaalbaar: \_\_\_\_\_

**Bestellings moet asseblief teen 27 April (Woensdag) deurgegee word aan u wyks ouderling. Betalings word gemaak by die basaar met die optel van u bestelling.**

Baie dankie vir u ondersteuning!

---

**Leraar:** Jaco Thom 084 523 1157 [jaco@ngkerkpetrusburg.co.za](mailto:jaco@ngkerkpetrusburg.co.za)  
**Kantoor:** Madette Lombaard 053 574 0279 [ngkpetrusburg@gmail.com](mailto:ngkpetrusburg@gmail.com)  
**Orrelis:** Elmien Thom 084 562 3434 [elmien@ngkerkpetrusburg.co.za](mailto:elmien@ngkerkpetrusburg.co.za)  
**Koster:** Annamarie Dercksen 072 499 4262 [annamarie.dercksen@yahoo.com](mailto:annamarie.dercksen@yahoo.com)  
**Webwerf:** [www.ngkerkpetrusburg.co.za](http://www.ngkerkpetrusburg.co.za) facebook [NG Kerk Petrusburg](https://www.facebook.com/NGKerkPetrusburg)  
**Kantoorure:** Maandae: 11:00-13:00 & Dinsdae – Vrydae: 08:00-13:00  
**Bankrekening:** ABSA Tjekrekening 2610580001